RSG

RADIOTEATER

FINALIS IN DIE RSG/SANLAM RADIODRAMASKRYFKOMPETISIE 2022

TYD VIR ‘N WONDERWERK

deur

Madeleine Venter

Kopiereg en opvoerregte berus by:

Madeleine Venter: e-pos: madeleinev1010@gmail.com

Geen gedeelte van hierdie teks mag sonder die skriftelike verlof van die skrywer/kopiereghouer gereproduseer of opgevoer word nie. Reproduksie sluit in enige vorm weergegee deur enige elektroniese of meganiese middel, hetsy deur fotokopiëring, skyf-, band- of stemopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.

RSG

RADIOTEATER

TYD VIR ’N WONDERWERK

Opnamedatum :
Uitsaaidatum :
Regie :

ROLVERDELING:

1. SONIA (Eksentrieke kunstenaar, middel sestigs.)
2. DION (Sonia se seun, skeptiese akademikus, vroeë dertigs.)
3. JOAN (Dion se vrou, saggeaard, vroeë dertigs.)
4. TINA (Sonia se vriendin, afgetrede kuns dosent, laat sewentigs.)

BYK : MOTOR TREF SYPAADJIE EN ROL. KRUISDOOF GELUIDE VAN ONGELUK MET AMBULANS WAT MET LOEIENDE SIRENE VERTREK. DOOF NA LAATMIDDAG IN SONIA SE SITKAMER VAN ’N GEMIDDELDE VOORSTEDELIKE HUIS IN JOHANNESBURG. TV IN A/G. SLEUTELS IN SONIA SE VOORDEUR. DEUR OOP. SLAAN TOE.

1. JOAN : [BEWEEG TOT OP MIK. ONTSTELD] Ma! Ma Sonia? Is ma oukei?
2. SONIA : O, hallo Joan, my hartjie! Wat maak jy hier?
3. JOAN : Iemand het my gebel. Hy’t iets gesê van ’n ongeluk maar toe gaan die lyn dood en ma se foon lui nie eens nie en toe kom ...(ek hierheen).
2. SONIA : A! Dis waar my foon is!
3. JOAN : Wat?
4. SONIA : Die paramedic. Hy’t seker my foon gevat om te kyk vir ’n I.C.E. Ek het al gehoor hulle doen dit partykeer. Veral as jou handsak by die huis lê.
5. JOAN : Om te kyk vir ’n watse goed?
6. SONIA : ’n I.C.E. In Case of Emergency. Ek het jou nommer op gesit.
7. JOAN : Ek verstaan nie. Wat ... [BREEK AF]
8. SONIA : Haai, Joan! Dis mos nou nie so moeilik om te verstaan nie? As mens in ’n ongeluk was kan jy mos nie self praat en mense bel en so aan nie.
9. JOAN : [KORT POUSE] So, ma was in ’n ongeluk?
10. SONIA : Ek sê mos so.

1. JOAN : Maar, ma's oukei? Ma't nie seergekry nie?
2. SONIA : Nee, jong, ek het baie seergekry.
3. JOAN : Ag nee! Waar?
4. SONIA : Hulle het my daar op 'n draagbaar gehad en alles ... [DROOG OP] Sê my, hartjie, hoor jy ook die ambulans?
5. JOAN : Nee, ek doen nie. Is ma seker ma's oukei?
6. SONIA : Ek dink so ... [HANG]
7. JOAN : Wat maak ma dan hier by die huis as ma seergekry het? Het hulle ma dan nie hospitaal toe gevat nie?
8. SONIA : My sepie begin vyfuur. Jy weet mos ek mis dit vir niks nie. Ek het gehoop Rina sou vandag vir Johan sê hy's eintlik haar nefie. Maar weet jy, ek dink hulle is broer en suster, want gister het dit geëindig waar Karel iets in die ... (album sien).
9. JOAN : Hoe't ma by die huis gekom?

BYK : VOORDEUR OOP EN SLAAN TOE

10. DION : [KOM NADER TOT OP MIK. ONTSTELD] Wat gaan aan? Ek was in die middel van 'n ... [BREEK AF] Ek dag jy sê my ma was in 'n ongeluk gewees?
11. JOAN : Ja, dis wat die paramedic gesê het.
12. SONIA : Dion! My kind! Dis nou 'n aangename verrassing! Joan, jy moes regtig die pap dik aangemaak het om hom hier te kry.
13. DION : Wat het gebeur, ma?
14. SONIA : Joan het jou seker gesê?
15. DION : So, ma was regtig in 'n ongeluk?

1. SONIA : Goeiste, maar julle kinders is stadig van begrip vandag!
2. DION : Ma! Dis nie snaaks nie! Waar's ma se kar?
3. SONIA : Opgefrommel daar langs Main road.
4. DION : [GESKOK] Opgefrommel langs Main road?
5. SONIA : Ja. Ek weet nie hoe hulle hom uit daardie sloot gaan kry nie. Dit was juis so 'n hengse gesukkel om my daar uit te kry.
6. DION : Nou hoe't ma dan by die huis gekom?
7. SONIA : Vir wat bly julle my dit vra? Ek weet mos waar my huis is.
8. DION : [SUG GEFRUSTREERD] Ma! Hou op om te probeer weird wees, en vertel net asseblief vir ons presies wat gebeur het!
9. SONIA : Ag, my kind, jy weet mos jou ma hoef nie eens te probeer om weird te wees nie. Vat my soos ek is. Blou hare en al.
10. DION : [DREIGEND] Ma, asseblief!
11. SONIA : Oukei! Oukei! Die simpel foon het weer langs die sitplek ingeval en ek moes omtrent op my kop staan om hom daar uit te kry.
12. DION : Terwyl ma bestuur.
13. SONIA : Ek kan dit mos nie net los nie?
14. DION : Jinne tog, ma!
15. JOAN : [VERNAMEND] Dion. Laat sy net verder vertel.
16. SONIA : Ek het gehoor ek kry 'n boodskap en wou net vir Tina laat weet het ek's op pad, voordat die battery heeltemal … (pap is).
17. DION : Ma weet mos ma kan nie boodskappe lees terwyl ma bestuur nie.

1. SONIA : Ja, ja, ek weet. Maar ek was reeds laat en Tina sou begin wonder het of ek koue voete gekry het. Sien, sy't my genooi om bietjie met van haar ou kunsstudente te kom gesels by hulle reünie.
2. DION : Dis nie 'n verskoning nie.
3. JOAN : Ai, Dion! Vertel verder, asseblief, ma.
4. SONIA : En toe ek uiteindelik die foon uitgevis het, toe gebeur dit … [DROOG OP]
5. DION : Toe gebeur wat?
6. SONIA : Toe tref ek die randsteen en rol my kar.

BYK : KLOP AAN VOORDEUR

7. SONIA : Ha! Praat van die duiwel! Sy't seker nou kom kyk waar kruip ek weg. [BEWEEG WEG] Ek kom, Tina!
8. JOAN : [KORT POUSE] Wat maak jy nou?
9. DION : Ek gaan die polisie bel. Hoor of daar regtig 'n ongeluk op Main road was.
10. JOAN : Jou ma sal mos nie vir ons jok nie!
11. DION : Kom nou, Joan. Lyk dit miskien vir jou asof sy pas haar kar gerol het?
12. JOAN : Nee, dit doen nie … [DROOG OP]
13. DION : Sy probeer nou net weer snaaks wees.
14. JOAN : En waarom sal die paramedic wat my gebel het ook probeer snaaks wees?
15. DION : As dit ooit regtig 'n paramedic was.
16. JOAN : Nou wie dink jy dan was dit?

1. DION : Dalk iemand wat net maak asof hy ’n paramedic is.
2. DION : Ag, nou raak jy belaglik!
3. DION : Nee, ek’s ernstig. Onthou jy daai keer wat sy een van haar studente omgekoop het om vir my te vertel sy gaan deur Afrika toer op haar fiets?
4. JOAN : [PROESLAG] Ja, ek onthou. Hy moes ‘n foto van jou neem sodat sy jou gesigsuitdrukking kon verf.
5. DION : Dit was glad nie snaaks gewees nie.
6. JOAN : Ek het gedink dis nogal snaaks. En jy kan nie stry nie, dit was ’n goeie skildery.
7. DION : Beslis nie my gunsteling nie.
8. TINA : [BEWEEG NADER] En kyk nou net wie sit hier? Sjoe, maar ek het jou lanklaas gesien, Dion! En Joan! Dis goed om jou weer te sien my dierbare mens. Het julle ook kom hoor van die wonderwerk?
9. JOAN : Hallo, tannie Tina. Van watse wonderwerk praat tannie nou?
10. TINA : Jou skoonma het pas haar kar gerol en hier staan sy dan, kind. Dink jy nie dis ’n wonderwerk nie?
11. DION : [SMAALEND] O! Nou’s dit sommer ’n wonderwerk. Asseblief tog.
12. TINA : Nou hoe verklaar jy dit dan anders, Dion?
13. DION : Dis baie eenvoudig. Daar was nie ’n ongeluk nie.
14. TINA : Ja, daar was. Hulle het die hele Main road toegemaak. Ek moes agterom ry.
15. JOAN : Tannie is reg, dis ’n wonderwerk! Toe, vertel nou ma Sonia. Ek wil alles hoor.

1. DION : [MOMPEL SKEPTIES] Hier gaan ons alweer.
2. SONIA : Hoekom glo jy nie in wonderwerke nie, Dion?
3. DION : Ma weet baie goed hoe ek daaroor voel.
4. SONIA : Ja, nee, my kind. Ek weet.
5. DION : Maar kom ek sê ma wat. Vertel, dan sal ek self besluit of dit wel ’n wonderwerk was of nie.
6. SONIA : [DRAMATIESE STEMTOON] My seun. Die ewige denker!
7. DION : Die logiese denker! Ek staan nie heeldag en unicorns verf nie en ek glo ook nie in wonderwerke nie.
8. TINA : Haai, nee, Dion! Nou’s jy sommer laf. Ek ken jou ma al langer as wat jy haar ken en sy’t nog nooit ’n unicorn geverf nie.
9. DION : [SNORKLAG] Daar was beslis al ’n paar weird goed.
10. JOAN : Dion, asseblief! Nie nou nie.
11. SONIA : Toemaar, hartjie. Laat hy vir ’n slag bietjie sê hoe hy oor my voel. [MYMEREND] Daar is dinge tussen ons wat uitgepraat moet word.
12. TINA : [BEWEEG WEG] Nou toe! Praat julle tweetjies rustig. Ek gaan maak solank vir ons tee. Joan, kom help jy my sommer, toe?
13. JOAN : [BEWEEG WEG] Goeie idee, tannie.
14. SONIA : [SUG] Wil jy weet wat gebeur het, Dion? Ek sal jou vertel.
15. DION : Ja, asseblief. Ek brand om te hoor.
16. SONIA : Toe ek in sub A was, dis nou graad een vandag se dae, het die juffrou gevra ons moet ’n boom teken.
17. DION : Ma ... [DROOG OP]
18. SONIA : En toe teken ek die heel beste boom wat ek kon.

1. DION : Ek's seker dit was 'n baie mooi boom, maar wat het dit met die ongeluk te doen?
2. SONIA : Die juffrou het nie so gedink nie. Sy't my vorentoe geroep en my prent daar voor almal opgeskeur.
3. DION : Ja, oukei, dit was baie lelik van haar. Maar, ons praat nou oor … (die ongeluk).
4. SONIA : Toe het sy hard met haar stok teen die bord geslaan waar sy 'n prentjie van 'n boom geteken het. "Dis hoe 'n boom lyk, Sonia!" het sy geskree. "Gaan doen dit nou reg!"
5. DION : En toe teken ma dit reg en almal dink dis pragtig en ma besluit om eendag 'n kunstenaar te word.
6. SONIA : Nee. Toe gaan ek terug na my tafel toe en ek teken weer my eie boom.
7. DION : [SNORKLAG] Natuurlik.
8. SONIA : En weet jy wat antwoord ek haar toe sy my vra waarom ek nou weer nie haar boom afgeteken het nie?
9. DION : Nee, maar ek kan net raai.
10. SONIA : Ek het vir haar gesê dat sy wou hê ons moet 'n mooi boom teken en dat haar boom nie vir my mooi was nie.
11. DION : Presies wat ek gedink het.
12. SONIA : Van daardie dag af was ek gemerk as die rebel in my pa se huis.
13. DION : Met goeie rede, ja.
14. SONIA : Maar, hoe harder hulle probeer het om my in 'n boksie te druk, hoe vinniger het ek weer uitgeklim.

1. DION : En ma doen nog steeds. Vertel nou van die ongeluk, asseblief.
2. SONIA : Dit was nog altyd ek teen hulle. My lewe lank.
3. DION : Ek kan dink dat dit swaar moes gewees het vir ma.
4. SONIA : Dit was.
5. DION : Maar, miskien kan ons later hieroor praat?
6. SONIA : Om behandel te word asof daar iets fout is met jou net omdat jy is wie jy is. Dit laat letsels.
7. DION : [SUG GEFRUSTREERD]
8. SONIA : Daar was ook die kompetisie. Het ek jou al vertel van die kompetisie?
9. DION : Nee, ek glo nie.
10. SONIA : Daar het eendag ’n man met ons matrieks kom praat. Ek kan nie eens onthou wie hy was nie, maar hy wou graag aan tien matrieks die geleentheid gee om hulle kuns vir die wêreld te wys.
11. DION : O, ja, ek dink ma het dit al vertel.
12. SONIA : Nee, ek het nie. In elk geval. Hoe hy dit wou doen kan ek ook nie meer onthou nie.
13. DION : [ONDGEDULDIG] Ja, en toe?
14. SONIA : Ek weet net daar was ’n kompetisie waaraan ons almal kon deelneem en dan kies hy die beste tien.
15. DION : En? Het ma toe ingekom?
16. SONIA : Nee. Hy’t nooit eens my kunswerk gesien nie.
17. DION : Nou, hoe so?
18. SONIA : [HARTSEER] Want, my pa het my belet om deel te neem.

1. DION : Vir wat?
2. SONIA : Hy't ander planne vir my gehad, en om 'n kunstenaar te wees, was nie een van hulle nie.
3. DION : Oukei, so wat was sý plan dan?
4. SONIA : Verpleegkunde.
5. DION : Verpleegkunde?
6. SONIA : Ja! Kan jy jou ma as 'n verpleegster indink?
7. DION : [LAG] Nee, vir seker nie!
8. SONIA : Maar dit het my nie gekeer nie.
9. DION : Duidelik nie.
10. SONIA : Ek het besluit om in die geheim deel te neem en het elke aand, sodra almal slaap, aan my skildery gewerk. Dit was een van my bestes ooit ... [DROOG OP]
11. DION : En toe?
12. SONIA : Hy't my een aand uitgevang en die skildery vernietig.
13. DION : [GESKOK] Wat?
14. SONIA : So, nou weet jy ook waarom ek so 'n rebel is.
15. DION : Ma't sterk gestaan. Dis nie rebellie nie. Ek bedoel ... kyk ... ma's vandag 'n kunstenaar.
16. SONIA : Ook net te danke aan Tina, ja. Sy't my gratis kunslesse gegee so tussendeur die verpleegkunde deur.
17. DION : Regtig? Ek het dit nooit geweet nie.
18. SONIA : Ja. Sy was nog altyd my gaurdian angel gewees. En sy't my geleer om nie skaam te wees vir wie en wat ek is nie.

1. DION : [GRINNIK] Ha! So daar's die skuldige.
2. SONIA : Weet jy hoe voel ek elke keer wanneer ek terugstaan en na een van my kunswerke kyk? Weet jy wat dink ek dan?
3. DION : Nee, ek weet nie.
4. SONIA : Ek sê vir myself: 'Sonia, niemand het die reg om jou in 'n boksie te dwing nie.'
5. DION : Ja, ek stem saam. Maar soms is boksies 'n goeie ding.
6. SONIA : Sien, ek het besluit om my lewe hardop te leef en vir almal te wys wie ek is.
7. DION : En dit doen ma beslis. Laat my raai, dis natuurlik waarom ma se hare elke jaar 'n ander kleur is.
8. SONIA : Ja, dis een van die redes.
9. DION : Wel, net sodat ma weet, ek was nog altyd skaam oor daai hare gewees.
10. SONIA : Dis jammer.
11. DION : En ek's nog steeds, maar, ten minste verstaan ek nou so half en half waar dit vandaan kom ... [DROOG OP]
12. SONIA : Miskien sal jy meer dinge nou oor my verstaan.
13. DION : Hoekom het ma besluit op blou vir hierdie jaar?
14. SONIA : O, dit was maklik. Blou is jou gunsteling kleur, nè?
15. DION : Ja, dit is. Maar hoekom nou juis my gunsteling kleur vir hierdie jaar?
16. SONIA : Want, ek het iets besef. Na amper ... hoe oud is jy nou? Twee en dertig? Na amper twee en dertig jaar het ek eers besef dat ek jou sal moet vertel.

1. DION : Dit klink ernstig ... [HANG]
2. SONIA : [LAG] Weet jy? Ek en jy is eintlik baie dieselfde.
3. DION : Nee, nou't ma die kat aan die stert beet.
4. SONIA : Dink daaroor, Dion. Jy's ook nie bang om te wees wie jy is nie.
5. DION : Ma't my nou heeltemal verloor.
3. SONIA : Daar is genoeg vrydenkers vandag se dae. Die hemel weet, ons het mense soos jy nodig. Mense wat die kat uit die boom kyk.
6. DION : Wel, ja... [HANG]
7. TINA : [BEWEEG VAN EFFENS WEG TOT OP MIK] Hier's ons tee! Ek het koekies in die kas gekry, Sonia. Hoop nie jy gee om dat ek dit uitgehaal het nie?
8. SONIA : Ag, dankie, Tina. Jy weet wanneer mens koekies en tee nodig het.

BYK : TEE WORD GESKINK ONDER DIALOOG

9. TINA : Dit lyk my hier word diep dinge gepraat?
10. SONIA : Ek probeer vir Dion verduidelik dat die wêreld mense soos hy nodig het, maar daai frons van hom word net dieper.
11. TINA : Nou hoe so, Dion? Dis mos 'n heel logiese ding wat jou ma sê.
12. DION : Min dinge wat my ma sê is logies, tannie. Sy praat, soos gewoonlik, alweer in raaisels.
13. JOAN : Ek dink wat jou ma probeer sê, is dat sy jou aanvaar soos jy is, Dion.
14. SONIA : Net so, my hartjie. Dankie.
15. DION : Regtig? Wel, dis ... great ... [DROOG OP]
16. SONIA : Maar dis nie al nie. Ek moet nog iets vir jou sê.
17. DION : Ja?

1. SONIA : Langbergstraat drie. Skryf dit neer. Joan, hartjie, gee daar vir hom potlood en papier aan dat hy dit kan neerskryf. Kyk op die boekrak.

BYK : PAPIER RITSEL

2. DION : Toemaar, ek sit sommer in my notepad. Langbergstraat drie. Oukei. En waarom moet ek dit weet?
3. SONIA : Dis waar jou pa bly.
4. DION : My pa.
5. SONIA : Ja. Die ooievaar het jou nie aangedra nie, jy weet.
6. DION : [ONTSTELD] My pa.
7. SONIA : Dis wat ek gesê het, Dion.
8. DION : Ek dag hy's dood!
9. SONIA : Ek het vir jou gejok. Hy bly net hier anderkant in Langbergstraat.
10. DION : Ma maak seker 'n grap!
11. SONIA : Nee, daar's nie nou tyd vir grappies nie, my kind. Ek's doodernstig. En so gepraat van tyd. Ek wil jou gou teken. Sit net so.

BYK : PAPIER RITSEL. POTLOOD OP PAPIER ONDER DIALOOG

12. DION : Gaan dit alweer oor my gesigsuitdrukking?
13. SONIA : Ja en nee. Ek hou van hoe jy jou gesig trek wanneer jy dink. En ek moes jou vertel.
14. DION : So, nooi my dan vir koffie as ma goed het om my te vertel!
15. SONIA : Ek wou al. Maar die tyd het my ingehaal.
16. DION : En nou maak ma 'n siek storie op om my hier te kry. Dis nie normaal nie.
17. SONIA : Jy van alle mense behoort te weet normaal is nie normaal nie.

1. DION : [PROESLAG] Moet liewer nie eens probeer om filosofie teen my te gebruik nie.
2. SONIA : [SARKASTIES] Natuurlik nie, professor Brink.
3. DION : Ek het hard gewerk om te kom waar ek is!
4. SONIA : Ja, ek weet. En ek's trots op jou.
5. DION : Dit klink nie so nie.
6. SONIA : Ai toggie, Tina. Kan jy hoor hoe ek besig is om hierdie kans op te foeter?
7. TINA : Toemaar, my mens. Jy doen goed.
8. DION : Julle is albei kop in een mus!
9. JOAN : Dion, wil jy nie net jou ma 'n kans gee om te probeer nie, asseblief?
10. DION : Ek doen mos. Dis sy wat in draaie bly praat.
11. JOAN : Dion!
12. SONIA : Nee, hy's reg, hartjie. [HAAL DIEP ASEM] Laat ek weer probeer. Dion ... [DROOG OP]
13. DION : Ek luister.
14. SONIA : Ek ... jy moet weet ... wat ek wil sê … is dat jy die beste ding is wat nog ooit met my gebeur het.
15. JOAN : [BEWOË] Ai, ma Sonia, dis so mooi.
16. DION : Wel, dis nuus.
17. SONIA : Ek weet. As mens gewoond is daaraan om te veg vir 'n plek, behandel jy almal soos vyande. Ek's jammer daaroor.
18. TINA : Weet jy wat is die eerste ding wat jou ma vir my gesê het toe ek jou sien, Dion?

1. DION : Nee, ek weet nie, tannie.
2. TINA : Sy't gesê: 'Tina, kyk, so lyk 'n wonderwerk.'
3. JOAN : [SNUIF] Ag nee, man! Julle het my nou behoorlik aan die huil hier!
4. SONIA : Dis waar, ja. Dis wat ek gesê het. [MYMEREND] So lyk 'n wonderwerk ... [DROOG OP] Hoor julle nie die ambulans nie?
5. DION : Wel, dis goed om te weet ek was darem 'n wonderwerk. [ONGEDULDIG] Het ma klaar geteken? Ek moet bene rek.
6. SONIA : Ja, dis klaar. Is nou net 'n rowwe skets, maar wat dink julle?
7. JOAN : Wow! Dis amazing, ma Sonia!

BYK : PAPIER RITSEL SOOS DION DIE PRENT AANVAT

8. DION : Wat's die idee van die horlosie waarna ek so staan en kyk?
9. SONIA : Dis iets wat jy moet onthou.
10. DION : En dit is?
11. SONIA : Dat mens so besig raak met jou eie goed, dat jy skoon vergeet om te kyk hoe laat dit op God se horlosie is.
12. DION : Oukei ... [HANG]
13. SONIA : Jy moet dit vir hom laat raam, Joan, sodat hy dit in sy kantoor kan opsit.
14. JOAN : Natuurlik! Hierdie is 'n meesterstuk! Dink jy nie ook so nie, Dion?
15. DION : [BEWEEG WEG] As julle my net vir 'n rukkie sal verskoon. Ek kort vars lug.
16. SONIA : Wat beteken hy kort 'n sigaret. Dis ook my skuld julle weet.
17. TINA : Kom, moet nou nie so hard op jouself wees nie, Sonia.

1. SONIA : Ek wens net ek het meer tyd gehad om al die dinge reg te maak wat ek so verkeerd laat uitdraai het.
2. TINA : Dinge het uitgedraai soos dit moes, my liewe mens.
3. SONIA : Ek weet darem nie, Tina. Daar was nog nooit vrede tussen my en Dion nie.
4. TINA : Hy's tog baie lief vir jou.
5. JOAN : Ja, hy is, ma Sonia.
6. SONIA : Ek het dalk so hardop geleef dat ek hom heeltemal uitgedoof het.
7. JOAN : [LAG DEERNISVOL] Nee wat! Daaroor hoef ma nie te worry nie! Dion is alles behalwe uitgedoof.
8. SONIA : [MYMEREND] Dis waar, ja. Kyk hoe ver het hy al gekom.
9. TINA : Presies! 'n Professor in Sosiologie nogal! Jy het goeie rede om trots te wees op hom.
10. SONIA : Ek wens net ek het meer tyd gehad om dit vir hom te wys ... [DROOG OP]
11. TINA : Jy doen heel goed met die tyd wat jy het, Sonia.
12. JOAN : Haai, ma se tee staan en koud word. Kan ek dit gou gaan opwarm?
13. SONIA : Ag, nee wat, los maar my hartjie.
14. JOAN : Is ma seker?
15. SONIA : Ja, gaan check liewer op Dion, asseblief. Hoe lank wil hy nou nog daar buite staan en homself jammer kry?
16. JOAN : [BEWEEG WEG] Ma's reg, ek gaan roep hom gou.

BYK : DOOF IN: SKEMER IN SONIA SE AGTERPLAAS ONDER 'N GROOT EIKEBOOM. SIGARET WORD AANGESTEEK

1. DION : [BLAAS UIT. MYMEREND] Vir my gestaan en lieg oor my pa. [MINAGTEND] Blerrie laag!
2. JOAN : [VAN EFFE WEG TOT OP MIK] Dion? O, hier's jy. Onder jou boom. Is jy oukei?
3. DION : Wat dink jy?
4. JOAN : Kyk, dis seker normaal om ontsteld te wees maar ten minste het sy jou ... (nou vertel).
5. DION : Ontsteld? Nee, my lief, ontsteld is 'n under statement!
6. JOAN : [SUG] Ai!
7. DION : Weet jy hoe baie kere het ek onder hierdie boom gesit en huil oor my pa?
8. JOAN : Ja, ek kan glo dat dit vir jou … (swaar was).
9. DION : Weet jy hoe't ek al met God baklei daaroor?
10. JOAN : Ai ... [DROOG OP]
11. DION : Ek het selfs gebid vir 'n wonderwerk, Joan! Onder hierdie einste boom. Op my knieë!
12. JOAN : Luister jy na jouself, Dion?
13 DION : Ek sou enige iets doen om net 'n pa te kon hê.
14. JOAN : Dion! Luister na my!
15. DION : Wat?
16. JOAN : Jou gebede is toe verhoor. Jou pa lewe nog!
17. DION : Wel, dis nou bietjie laat.
18. JOAN : Ja, ek stem, sy kon gerus al 'n bietjie vroeër in jou lewe hierdie bom gedrop het.

1. DION : Presies! Maar hierdie is mos nou die [HAAL SONIA AAN IN VERMAKERIGE VROUESTEM] ‘o, ja, kom ons dink ’n bietjie aan Dion en dye my hare blou’ - jaar. Heeltemal kens as jy my vra.
2. JOAN : Maar jou pa lewe. Hy’s nie dood nie.
3. DION : [KORT POUSE] Langberstraat nogal. Een van daai snobstrate.
4. JOAN : So what? Jy kan ook maar ’n lekker snob wees as jy wil.
5. DION : Seker gedink hy’s te goed vir ons. Kan nogal verstaan dat hy niks met my ma te doen sou wou hê nie.
6. JOAN : Stop dit, Dion. Jy’t die man nog nie eens ontmoet nie.
7. DION : Dis nie asof hy my ooit wou ontmoet nie.
8. JOAN : Dalk weet hy nie eens van jou nie. Ek dink jy moet met hom gaan praat.
9. DION : [LAG SINIES] Nee, dankie.
10. JOAN : Hoekom nie?
11. DION : En wat sê ek vir hom? Hallo, meneer wat ook al, onthou jy daardie weird girl waarmee jy iets aan gehad het twee en dertig jaar gelede? Surprise, suprise!
12. JOAN : Ja, dit sal nogal akward wees.
13. DION : Presies.
14. JOAN : [KORT POUSE] Kom ek sê jou wat. As ons nou terug in die huis is, vra ons jou ma vir sy naam en nommer en dan sal ek hom bel, oukei?
15. DION : Vergeet dit, Joan.
16. JOAN : Kom nou, Dion. Van wanneer af is jy bang?

1. DION : Ek’s nie bang nie. Ek’s oopkop. Realisties.
2. JOAN : Miskien moet jy net hierdie een keer bietjie minder oopkop wees en ’n kans waag.
3. DION : ’n Kans waag op wat, presies?
4. JOAN : Wel ... mens weet nooit ... hy’s dalk ’n baie nice ou en julle kom dalk baie goed oor die weg.
5. DION : Ek twyfel.
6. JOAN : Jou ma het die moed bymekaar geskraap om jou te vertel.
7. DION : So what? Moet ek haar nou ’n medalje gee daarvoor?
8. JOAN : Jy weet wat ek probeer sê, Dion.
9. DION : [KORT POUSE] Weet jy, dalk dink sy nie helder op die oomblik nie.
10. JOAN : Bedoel jy dat sy miskien besig is om nonsens te praat?
11. DION : Sy praat meestal nonsens. Maar wat ek bedoel, is dat sy hierdie keer dalk regtig nie mooi weet wat sy sê nie.
12. JOAN : Dis ’n moontlikheid.
13. DION : Sy’t dalk harsingskudding.
14. JOAN : So, waarom sê tannie Tina dan niks nie? Sy sal mos weet.
15. DION : Jy’s reg. Tannie Tina is die enigste een wat beslis sal weet. Dan moet dit seker die waarheid wees. .. [DROOG OP]
16. JOAN : [KORT POUSE] Het jy klaar gerook?
17. DION : Ja, en ek moet my ry kry.
18. JOAN : Nie nou al nie.
19. DION : Ek het alles in my lokaal net so gelos, Joan.
20. JOAN : Kom ons gaan probeer net eers bietjie meer uitvind oor jou pa, toe?

1. DION : Ek stel nie belang nie. Los dit.
2. JOAN : Asseblief?
3. DION : Watse verskil gaan dit nou maak?
4. JOAN : Asseblief?
5. DION : [KORT POUSE] Oukei, ek sê jou wat. Ons vra haar om hom te bel.
6. JOAN : Dis baie wreed.
7. DION : En wat sy gedoen het is nie?
8. JOAN : Jy's nou sommer net aspris. [BEWEEG WEG] Kom jy saam? Ek gaan haar vra vir sy nommer en dan sal ek hom bel.
9. DION : [BEWEEG WEG] Joan! Hey! Wag!

BYK : NAGGELUIDE IN SONIA SE AGTERPLAAS DOOF UIT. TERUG IN SONIA SE SITKAMER

10. TINA : En kyk wie's terug. Voel jy nou bietjie beter, Dion?
11. DION : Nee.
12. JOAN : Ma Sonia?
13. DION : [DREIGEND] Joan, los dit liewer, asseblief.
14. SONIA : Ja, hartjie?
15. JOAN : Wil ma nie maar asseblief vir ons vertel wat na die ongeluk gebeur het nie?
16. SONIA : Julle weet mos. Ek het huis toe gekom.
17. JOAN : Maar hoe? Ma het dan gesê ma't baie seer gekry.
18. SONIA : Ek het, ja.
19. DION : En toe staan ma sommer net op en kom huis toe? Al die pad geloop van Main road af?

1. JOAN : Het iemand ma kom aflaai?
2. SONIA : Nee, ek glo nie ... [HANG]
3. TINA : Ek sê mos vir julle dis ’n wonderwerk!
4. DION : Ek dink ons moet ma hospitaal toe vat vir ’n check up.
5. SONIA : Lyk dit miskien vir jou asof ek ’n check up nodig het?
6. DION : Weet julle? Ek gee op!
7. JOAN : Dalk het ma harsingskudding. Is ma seker ma’t nie dalk ma se kop gestamp nie?
8. SONIA : Daar was seker maar ’n kopstampery ook gewees.
9. DION : Nou wat maak ma dan hier by die huis?
10. SONIA : Soos Tina sê. Dis ’n wonderwerk.
11. TINA : Kinders, ek weet hoe lyk harsingskudding. Hier voor julle sit regtig ’n wonderwerk.
12. DION : Kan ons net begin helder dink, asseblief?
13. JOAN : Ek stem saam met Dion. Kom ons begin met die kar.
14. DION : Ja, ons moet die ding probeer opspoor.
15. JOAN : Ma kan my kar gebruik totdat ons uitgevind het waar ma se kar is. Ek sal saam met Dion terugry huis toe.
16. SONIA : Dankie, my hartjie.
17. JOAN : En ek sal nou-nou weer probeer om daardie paramedic terug te bel. Miskien kan hy ons vertel wat aangaan.
18. SONIA : Dankie, my hartjie.
19. JOAN : [KORT POUSE] So, nou is daar ’n ander ding wat ek ma wil vra.
20. SONIA : Ja, my hartjie?

1. JOAN : Was ma ernstig oor Dion se pa?
2. SONIA : Doodernstig.
3. TINA : Natuurlik was sy.
4. DION : So, wat is sy naam dan?
5. SONIA : Dion. Dion Brink
6. DION : Brink?
7. SONIA : Ja, my kind.
8. JOAN : So julle was getroud?
9. SONIA : Ons is geskei kort voor Dion se geboorte, ja.
10. DION : Dit beteken hy't van my geweet?
11. SONIA : O, ja. Hy't baie goed van jou geweet.
12. TINA : Maar die man wou sy eie ding doen.
13. SONIA : So toe vernoem ek jou na hom, net om spiteful te wees.
14. TINA : En omdat dit 'n mooi naam is.
15. SONIA : O, en my hare was ook blou die jaar toe jy gebore is.
16. TINA : [LAG] Haai, ja, dit was, ek onthou nou!
17. SONIA : [LAG SAAM MET TINA]
18. DION : Vir wat moes ma dan vir my staan en jok oor hom?
19. SONIA : Dit was nie heeltemal 'n jok nie.
20. DION : Ma het die waarheid van my weerhou. Dis heeltemal 'n jok.
21. SONIA : Jy sou nie verstaan het nie.
22. JOAN : Dit maak sin.
23. DION : Hoe weet ma? Dalk sou ek.
24. JOAN : Het ma nog kontak met hom?

1. SONIA : Nee, glad nie. Maar ek weet hy bly in Langbergstraat en dat hy nog praktiseer.
2. JOAN : ’n Dokter?
3. SONIA : Ja, by die hospitaal.
4. DION : Genade! Hoe’t dit gebeur?
5. JOAN : [VERONTWAARDIG] Dion!
6. DION : Wat? Dis ’n goeie vraag, is dit nie?
7. SONIA : Ja, dit is. Ek dink dit was ’n kwessie van opposites attract.
8. DION : [SNORKLAG] Moet wees.
9. JOAN : Het ma dalk sy nommer?
10. SONIA : Nee, ek het nie.
11. TINA : Mens kan seker maar die hospitaal bel? Vra om met dokter Brink te praat?
12. DION : Dis nie nodig nie.
13. JOAN : Ja! Dis ’n goeie idee, tannie. Dalk kan hulle vir ons ’n selfoonnommer gee. [BEWEEG WEG] Ek gaan sommer nou gou bel en hoor.
14. DION : Julle mors julle tyd. Ek stel nie belang om met hom te praat nie.
15. SONIA : Wel, iemand sal die een of ander tyd seker maar met hom moet praat. Hier’s nog ’n klomp van sy goed op die solder ook wat julle vir hom moet gaan gee.
16. DION : Wat?
17. SONIA : Ja, jy kan opklim en gaan kyk as jy wil. Paar interessante goed.
18. DION : Ek was al baie op die solder, ma. Ek weet presies wat daar alles is.
19. SONIA : Kyk in die boks gemerk Dokkie. Dis onder klomp ander bokse.

1. DION : Dokkie ... ek onthou daardie boks.
2. SONIA : Ja, ek weet. Jy't 'n paar keer gevra oor die Dokkie-boks.
3. DION : En toe sê ma dis net 'n klomp ou boeke.
4. SONIA : Daar is van sy ou boeke ook in. So dit was nie 'n groot jok nie.
5. DION : Nee, dit was ook 'n lieg, ma!
6. SONIA : Hoor jy dit, Dion?
7. DION : Wat?
8. SONIA : Die ambulans? Ek hoor heeltyd 'n ambulans.
9. DION : Nee, ma, ek doen nie. En moenie nou die onderwerp verander nie. Ma het in my gesig vir my gelieg. My hele lewe lank!
10. SONIA : Ek's jammer.
11. DION : Wel, ek ook.
12. SONIA : Dit sal goed wees as jy my kan vergewe. Vir jouself.
13. TINA : Jou ma is reg, Dion.
14. DION : Dit gaan moeilik wees.
15. SONIA : Ja, ek weet, maar jy moet probeer. Asseblief.
16. DION : Moet liewer nie nou vir my preek nie.
17. SONJA : Dis oukei om kwaad te wees vir my, Dion. Om die waarheid te sê, jy vat dit eintlik baie beter as wat ek gedink het jy sou.
18. DION : [SINIESE LAG]
19. SONIA : Ek het gedink jy sou teen die tyd al lankal weggehardloop het.
20. DION : Ja, wel, ek ... [BREEK AF] Wat bedoel ma met ek sou teen die tyd al lankal weggehardloop het?
21. SONIA : Presies wat ek sê.

1. DION : Ek het nog nooit weggehardloop van enige iets af nie!
2. SONIA : Kom nou. Ons almal weet jy's baie haastig om terug te vlug na jou logiese, ordelike wêreld waar alles sin maak.
3. DION : Nou's ma baie onredelik.
4. SONIA : Jy's in 'n comfort zone, Dion. Mens kan nie groei in 'n comfort zone nie.
5. DION : En wat's ma se idee van groei nogal?
6. SONIA : Wanneer mens jouself in 'n ongemaklike situasie bevind – dis wanneer jy groei.
7. DION : Ek sien waarheen hierdie gaan.
8. SONIA : Gaan praat met hom, asseblief, Dion. Ek wil hê jy moet.
9. DION : En watter verskil gaan dit nou maak? Die tyd toe ek 'n pa nodig gehad het is verby.
10. SONIA : Julle het mekaar nodig.
11. DION : Ek twyfel sterk, ma. Hy't sekerlik 'n vrou en kinders.
12. SONIA : Nee.
13. DION : Nie?
14. TINA : Hy's stoksielalleen. Het nie eens meer van sy eie familie oor nie.
15. DION : Dit wys net die tipe mens wat hy is.
16. SONIA : Kyk, Dion. Ek is nie seker wat in die man se kop aangegaan het die dag toe hy uit ons lewens gestap het nie. Miskien was dit maar my weirdgeit wat hom onder gekry het.
17. DION : Dis sekerlik een van die redes.
18. SONIA : Maar een ding wat ek weet, is dat hy 'n goeie mens is.

1. DION : As ma so sê.
2. SONIA : [HOOPVOL] Beteken dit jy sal hom gaan sien?
3. DION : Ek sal daaroor dink, oukei?
4. SONIA : Dankie, my kind.
5. TINA : [KORT POUSE] Goeiste, mense, kyk hoe laat is dit al. Ek beter aanstaltes maak. Was goed om jou weer te sien, Dion, mooi bly. En stuur groete vir jou pa.
6. DION : Dis nou as ek besluit om hom te gaan sien.
7. TINA : [LAG DEERNISVOL] O, ek's seker daarvan jy sal. [BEWEEG WEG] Totsiens, Dion.
8. DION : Totsiens, tannie.
9. SONIA : [BEWEEG WEG] Wag, ek stap sommer gou saam met jou, Tina.

BYK : MUSIEK OP EN DOOF NA VROEGAAND IN SONIA SE EETKAMER WAAR DION BY DIE EETKAMERTAFEL SIT MET DIE BOKS VOOR HOM

10. JOAN : [BEWEEG VAN EFFE WEG TOT OP MIK] Waar's jou ma ek ... [BREEK AF] Wat het jy daar?
11. DION : Sy't saam met tannie Tina hek toe gestap en hierdie is die Dokkie-boks.
12. JOAN : Die Dokkie-boks?
13. DION : Jip! Ek het hom nou net daar van die solder af gebring.
14. JOAN : [GAAN SIT OOK BY DIE TAFEL] Jy lyk ge-rattle.
15. DION : Sy sê dis my pa se goed.
16. JOAN : Dink jy sy't hom Dokkie genoem?

1. DION : Ja, trust haar om met so ’n stupid naam op te kom.
2. JOAN : Wel? Gaan ons kyk?
3. DION : Sê net eers, kon jy enige iets oor hom uitvind by die hospitaal?
4. JOAN : [TREK ASEM IN OM MOED TE SKEP] Ja. Daar is regtig ’n dokter Dion Brink. Jou ma’t nie gejok nie.
5. DION : Is jy ernstig?
6. JOAN : En dis nie al nie ... [DROOG OP]
7. DION : Jy’t met hom gepraat?
8. JOAN : Nee, hy was besig met ’n noodoperasie en hulle wou nie sy selfoonnommer vir my gee nie. Sal vra dat hy my terugbel. [ONTSTELD] Dion ... [HANG]
9. DION : Ja? Wat’s fout?
10. JOAN : Die vrou met wie ek gepraat het ... sy’t gesê daar was ’n groot ongeluk op Main road en al die personeel het hulle hande vol op die oomblik.
11. DION : Wat?
12. JOAN : Dis nogal creepy ... [DROOG OP]
13. DION : Maar my ma was obviously nie in daardie ongeluk nie.
14. JOAN : Ek het toe die paramedic ook gebel.
15. DION : En?
16. JOAN : Hulle het die vrou met die blou hare aan wie die selfoon behoort gestabiliseer en hospitaal toe gevat. Sy was kritiek.
17. DION : So, sy was regtig in ’n ongeluk ... [DROOG OP]
18. JOAN : Ja. En sy het regtig seer gekry.

1. DION : Nou wat de hel maak sy dan hier by die huis?
2. JOAN : Dit maak nie sin nie ... [DROOG OP]
3. DION : Dis weird ... [DROOG OP]
4. JOAN : So, wat dink jy?
5. DION : Ek dink nog steeds dis ’n set-up. Iemand wat sy omgekoop het om saam te speel.
6. JOAN : Kom nou, Dion!
7. DION : Dink logies, Joan. Sy probeer ons net uit-freak.
8. JOAN : Dis belaglik!
9. DION : Met daai vrou is enige iets moontlik.
10. JOAN : Ek kan nie dink dat sy so iets sou doen nie.
11. DION : Ek kan.
12. JOAN : Dalk is dit regtig ’n wonderwerk. Sy tree nogal vreemd op.
13. DION : Sy tree altyd vreemd op, en sy’s ’n meester as dit kom by lieg. Hier’s jou bewyse.
14. JOAN : Sjoe, Dion, ek weet darem nie. As wat jy sê waar is, het jou ma ’n ernstige probleem.
15. DION : Dis wat ek nog die hele tyd sê.
16. JOAN : Maar daar’s tog iets anders aan haar vanaand.
17. DION : Soos wat?
18. JOAN : ’n Dringendheid. So asof sy nie baie tyd het nie.
19. DION : Dis haar gewete wat haar pla.
20. JOAN : Dit kan seker wees. Maar hoekom juis nou?

1. DION : Jong, daardie vraag sal ek nie vir jou kan antwoord nie. Sy't weird idees.
2. JOAN : Sy't dan nie eens 'n skrapie aan haar nie.
3. DION : Presies. Sy is besig om ons vir die gek te hou.
4. JOAN : [SUG] Nou toe, maak oop laat ons sien wat's in die Dokkie-boks.

BYK : BOKS WORD OOPGEMAAK. PAPIER WORD HANTEER ONDER DIALOOG.

5. JOAN : Fotos!
6. DION : En hordes daarvan.
7. JOAN : En kyk! Hier's 'n hele sketchpad met prente wat jou ma geteken het. Dis amazing!
8. DION : [BLAAI DEUR SKETSBOEK] Dink jy dis my pa wat sy so afgeteken het?
9. JOAN : Dit moet wees. Kyk, op hierdie foto kan jy sien dis dieselfde ou.
10. DION : Ja, jy's reg. Dit is.
11. JOAN : Ek wonder hoe lank het hulle mekaar dan geken?
12. DION : Dis 'n goeie vraag daai. Op party van hierdie fotos lyk hulle nog baie jonk.
13. JOAN : Dit maak dan vir my sin dat hy geskrik en weggehardloop het toe sy swanger word.
14. DION : Dis nie 'n verskoning nie. Mens noem dit ruggraatloosheid.
15. JOAN : Ai, Dion.
16. DION : [BLAAI DEUR SKETSBOEK] So, dis nou my pa ... [DROOG OP]

1. JOAN : Wow! Hierdie moes ‘n fancy ete of iets gewees het, kyk hoe mooi lyk jou ma!
2. DION : Hmmm.
3. JOAN : En troufotos! Wow!
4. DION : Troufotos ... sowaar ... [DROOG OP]
5. JOAN : Kan jy sien watter kleur haar hare hier was? Lyk soos oranje, nè?
6. DION : Ja, net my ma sal met oranje hare trou.
7. JOAN : [GIGGEL] So die man het goed geweet waarvoor hy hom inlaat.
8. DION : Presies. Ruggraatloos.
9. JOAN : O, hier’s hulle iewers in Europa. Seker hulle honeymoon gewees. Ja, Parys, kyk! Hier pose hulle voor die Mona Lisa.
10. DION : Ek sê mos hy’s ’n snob.
11. JOAN : En dis seker hulle huis gewees hierdie.
12. DION : Ek wonder waar was dit? Dalk die huis in Langbergstraat?
13. JOAN : Wel, daar’s net een manier om uit te vind.
14. DION : Vergeet dit.
15. JOAN : Ons kan mos maar net eers verby ry, man.
16. DION : [SUG] Ja, oukei, ons kan seker maar dit doen.
17. JOAN : En ek sal met hom praat as jy dan nie wil nie.
18. DION : [KORT POUSE] Hoekom het sy nooit hierdie goed vir my gewys nie, Joan? [STEM BREEK] Hoekom nie?
19. JOAN : Ai, Dion.
20. DION : Ek het so baie vrae oor hom gehad. Sy kon mos ten minste net vir my ’n foto gewys het. Al was hy dan kamstig dood.

1. JOAN : Dalk was die herinneringe vir haar te swaar gewees.
2. DION : [MINAGTEND] En dan wil sy vir my kom preek oor vergifnis.
3. JOAN : Of, dit kan ook iets te doen hê met die amper honderd persent kans dat jy in hom kon vasgeloop het.
4. DION : Ja, oukei. [KORT POUSE] Dit lyk of hulle actually lief was vir mekaar ... [DROOG OP]
5. JOAN : Ek dink hulle was.
6. DION : Gelukkig getroud.
7. JOAN : Ja.
8. DION : En toe sy swanger word los hy haar sommer. Vark.
9. JOAN : Jy kan nie dit sê nie. Daar's altyd twee kante aan 'n storie.
10. DION : Jy's reg. En ek kan net imagine wat my ma se kant was.
11. JOAN : Ja, seker.
12. DION : So, wat is ek nou veronderstel om te doen?
13. JOAN : Ek dink jy moet haar vergewe.
14. DION : Dis maklik vir jou om te sê.
15. JOAN : En dan moet ons met jou pa probeer praat. Sy kant van die storie hoor.
16. DION : [SUG] Dis die laaste ding wat ek wil doen.
17. JOAN : Oukei, so wat wil jy doen, Dion?
18. DION : [MAAK BOKS TOE EN STAAN OP] Niks. En sy kan die simpel boks self gaan bêre. Waar bly sy in elk geval so lank? Ons moet ry. Dit word laat.

1. JOAN : Kom ons vat ten minste die boks saam huis toe. Ek sal dit daar by die hospitaal vir hom gaan afgee, oukei?
2. DION : Nes jy wil. [BEWEEG WEG] Laat ek net my ma gaan aanjaag. Hulle het seker nou weer aan die gesels geraak.

BYK : VOORDEUR OOP EN TOE. VROEGAAND IN SONIA SE WELIGE VOORTUIN.

3. DION : Ma? [STEEK SIGARET AAN EN BLAAS UIT] Ma! Ons moet ry! [AAN HOMSELF] Waar's sy nou?
4. SONIA : Hier's ek.
5. DION : [SKRIK] Vir wat staan ma so in die donker? Ons sit daarbinne vir ma en wag.
6. SONIA : Ek het nog nooit regtig gekyk hoe my tuin in die donker lyk nie.
7. DION : Oukei ... [HANG]
8. SONIA : Daar's baie dinge wat ek nog wil doen ... [DROOG OP]
9. DION : Soos wat?
10. SONIA : Wel, ek dink ek was lank genoeg vegan. Sal graag net weer 'n lekker stuk gebraaide hoender wou eet.
11. DION : Wat keer ma?
12. SONIA : En dan sou ek eintlik regtig nog 'n paar plekke in Afrika wou sien op my fiets.
13. DION : Regtig?
14. SONIA : Ja.

1. DION : Ek weet nie of die fiets-storie so lekker gaan werk nie, maar ma kan mos altyd iewers in Mosambiek gaan kamp, of na die Victoria-valle gaan kyk, of so iets.
2. SONIA : Sal jy saamkom?
3. DION : Um ... dis moeilik met my klastye ... [BREEK AF]
4. SONIA : Ag, toemaar! Ek grap sommer net. Ek kan nie nou in Afrika gaan rondtoer nie.
5. DION : Dalk gaan ma nog eendag.
6. SONIA : Ek twyfel. [KORT POUSE] Het jy toe die boks gekry.
7. DION : Ja.
8. SONIA : En?
9. DION : Dis ... [BREEK AF] Wat wil ma hê moet ek sê?
10. SONIA : Wat dink jy van hom?
11. DION : Hy lyk seker maar oukei. Foto's sê nie veel nie.
12. SONIA : Hy's 'n goeie mens.
13. DION : Nou wat het dan gebeur, ma?
14. SONIA : Ons het mekaar in my eerstejaar ontmoet. Hy was smoorverlief.
15. DION : En ma was nie?
16. SONIA : Ek was daardie tyd teen alles en almal gekant wat iets met die mediese rigting te doen gehad het.
17. DION : En ek neem aan dit het hom nie afgesit nie.
18. SONIA : Nee, dit het nie. Hy't altyd gesorg dat hy daar was wanneer my klasse klaarmaak, sodat hy saam met my koshuis toe kon stap. Regte gentleman. Dit was nie moeilik om vir hom lief te word nie.

1. DION : So, julle was lief vir mekaar?
2. SONIA : Ons was, ja. Het getrou daardie jaar wat hy klaar gemaak het.
3. DION : Maar nog steeds het hy ons gelos.
4. SONIA : Dit het alles gegaan oor die boksie waarin hy ons lewe wou sit ... [DROOG OP]
5. DION : Ek moes gedink het dit sou iets met boksies te doen hê.
6. SONIA : Hy't beplan dat ons by dieselfde hospitaal werk en dan genoeg geld spaar om later ons eie praktyk oop te maak.
7. DION : Maar dit was nie ma se plan nie.
8. SONIA : Nee, en toe ek swanger word het ek vir die eerste keer in al die jare wat ons mekaar geken het my droom met hom gedeel.
9. DION : So, hy't nooit geweet van ma se kuns nie?
10. SONIA : Hy het geweet van die kunsklasse, maar ek dink nie hy't besef hoe ernstig ek daaroor was nie. Ek was dalk nie heeltemal so eerlik met hom soos ek moes wees nie.
11. DION : So, wat presies was ma se droom?
12. SONIA : Ek wou jou grootmaak en kunslesse gee van die huis af.
13. DION : Wel, dit kon gewerk het. Hoekom was dit dan vir hom so 'n probleem gewees?
14. SONIA : Hy het pas vir my 'n pos losgepraat by die hospitaal waar hy ook sou werk. Ek dink hy kon nie verstaan hoe ek dit van die hand kon wys nie. Hy't dan ons hele toekoms so haarfyn beplan.
15. DION : Dit was eintlik maar 'n klap in sy gesig.
16. SONIA : Ja, dit was seker.

1. DION : Ek dink hy't daar eers regtig besef dat ma nie heeltemal sy cup of tea is nie.
2. SONIA : Dit is so. Ek moes van die begin af net gewees het wie ek is. Maar ek was bang ek verloor hom.
3. DION : Dis verstaanbaar.
4. SONIA : Jy sien, ek het gehoop dit sou oupa tevrede stel as ek darem met 'n dokter getroud is en dat ek dan met 'n skoon gewete my droom om 'n kunstenaar te wees sou kon nastreef.
5. DION : Maar, toe backfire die plan op ma.
6. SONIA : En jy lei ook daaronder. Ek's jammer.
7. DION : [BLAAS ASEM STADIG UIT] Weet ma, ek begin nou beter verstaan.
8. SONIA : Hy het alles probeer om my te oortuig om aan te hou verpleeg, maar ek het dwars getrek.
9. DION : Uit sy boksie geklim.
10. SONIA : En met mening.
11. DION : Totdat hy opgegee het ... [DROOG OP]
12. SONIA : Dit was baie onverwags. Ek het geweet dat hy kwaad is, maar nooit gedink hy sou wou skei nie. Jy weet, mens sit mos maar vas en dan kom jy oor dit en gaan aan.
13. DION : Dis waar, ja. Joan kan lekker dwars wees as sy die dag lus het, maar ek gaan haar nie daaroor skei nie.
14. SONIA : Toe hy daardie dag met die skeibrief in sy hand by my aankom, het ek besef hy's 'n baie slegte verloorder.
15. DION : 'n Control freak wat nie sy sin gekry het nie.

1. SONIA : Jy haal die woorde uit my mond uit.
2. DION : Narsisties?
3. SONIA : So het ek myself wysgemaak, ja. Maar, ek dink ek was maar net verbitterd.
4. DION : So, dis waarom ma vir my gesê het hy's dood.
5. SONIA : Ja, dis die rede. Ek het hom verbied om enige kontak met jou te hê.
6. DION : So, dit was nie sy keuse nie ... [DROOG OP]
7. SONIA : Ek was bang hy gaan jou lewe ook in 'n boksie probeer druk. Min het ek geweet jy sou dit dalk so verkies het.
8. DION : Nie noodwendig nie.
9. SONIA : Ek was arrogant genoeg om te dink jy gaan soos ek wees.
10. DION : Miskien het ma tog die regte ding gedoen.
11. SONIA : Nee, 'n seun het 'n pa nodig, en ek het dit van jou af weggevat. Ek's jammer, Dion.
12. DION : Dis oukei, ma.
13. SONIA : Hy's regtig nie 'n slegte ou nie.
14. DION : Seker dan nie … [DROOG OP]
15. SONIA : Jy sal sien. Julle twee is eintlik ook baie dieselfde. Ek dink julle sal baie goed met mekaar oor die weg kom.
16. DION : En wat as hy my daar uitboender?
17. SONIA : [LAG] O, nee! Hy's hopeloos te gemanierd daarvoor. Die ergste wat kan gebeur, is dat hy jou in 'n baie profesionele dokter-stem sal vertel waarom hy die regte ding gedoen het deur ons te los.

1. DION : [LAG SAAM] Oukei, ek dink ek sal dit darem kan handle!

2 SONIA : [KORT POUSE] Kom ons gaan in, Dion. Joan is seker nou weer besig om al my skottelgoed te was.

BYK : NAGGELUIDE IN SONIA SE VOORTUIN DOOF NA VROEGAAND IN SONIA SE GESELLIGE KOMBUIS. SKOTTELGOED WORD GEWAS IN A/G.

3. SONIA : [SKERTSEND] Nes ek gedink het. Mens kan jou ook nie vir ’n oomblik alleen los nie, Joan.

4. JOAN : [LAG] Ek het gereken ma sal darem seker ’n skoon bord wil hê om uit te eet vanaand. Wanneer laas het ma skottelgoed gewas?

5. SONIA : Um... laat my dink ... eergister as ek dit nie mis het nie.

6. JOAN : [KORT POUSE] Het julle tweetjies lekker gesels? Ek het gedink ek los julle maar om dinge uit te praat.

7. SONIA : Ja, my hartjie. Dankie.

8. DION : Nee, gee die vadoek laat ek afdroog. Sit ma.

9. SONIA : Dankie.

10. JOAN : [VERSIGTIG] Hoe voel ma?

11. SONIA : Heel goed.

12. JOAN : Hoor ma nog steeds ambulanse?

13. SONIA : Nee. En ek voel heel tevrede met hoe vanaand afgeloop het. Dankbaar vir die geleentheid om dinge met Dion te kon opklaar.

14. DION : Dit was goed gewees om te kon praat, ma. Ons ... ons moet dit eintlik meer doen ... [DROOG OP]

15. SONIA : Daar’s nie tyd nie.

1. DION : Ek kan tyd maak. Die middae wat ek af het dalk hierheen kom.
2. SONIA : Regtig?
3. DION : Ja, regtig.
4. SONIA : Sal jy dan tyd maak om jou pa ook te gaan sien?
5. DION : Dis nie iets waarna ek baie uitsien nie.
6. SONIA : Ek verstaan.
7. DION : Maar as dit ma gelukkig sal maak, sal ek gaan. Al is dit dan net om myself voor te stel. Ek hoef mos nie daar te boer nie.
8. SONIA : Mens weet nooit.
9. JOAN : Ai, ek's so bly julle tweetjies het nou vrede gemaak.
10. SONIA : [KORT POUSE] Nou ja, ek kan julle seker nie langer ophou nie. Wou jy nie lankal al gery het nie, Dion?
11. DION : Gaan ma oukei wees so op ma se eie?
12. JOAN : Kan ons nie gou vir ma take-aways bestel nie?
13. SONIA : Dis nou sommer origheid! Hierdie ma van julle is gewoond daaraan om op haar eie te wees. [LAG GEMOEDELIK] Toe-toe! Moet nou nie dat ek julle hier uitboender nie!
14. JOAN : [LAG SAAM]
15. DION : [LAG SAAM] Laat ek net eers hoor of daar nie dalk nog goed is wat ma my moet vertel nie?
16. SONIA : Ja. Drie goed.
17. DION : Ek luister.
18. SONIA : Joan is jou soulmate, so kyk mooi na haar. Moenie ophou dink nie en onthou, ek's lief vir jou.

1. DION : Ek ... is lief vir ma ook ... [DROOG OP]
2. SONIA : O, en nog iets. Soms is wonderwerke meer werklik as die werklikheid. Onthou dit.
3. DION : Ma gee nie op nie, doen ma?
4. SONIA : Ek wens net ek het meer tyd gehad om harder te probeer.
5. DION : Ma doen nie te sleg nie.
6. SONIA : Ai, my kind … [DROOG OP]
7. DION : Ons moet ry. Totsiens, ma.
8. SONIA : Mooi ry. O, en moenie jou prent en die Dokkie-boks vergeet nie.
9. JOAN : Ek het dit, dankie, ma Sonia. [BEWEEG WEG] En my karsleutels lê daar op die koffietafel. Mooi bly!

BYK : VOORDEUR OOP EN TOE. NAGGELUIDE IN SONIA SE VOORTUIN. TWEE MOTORDEURE OOP EN WEER TOE. SELFOON LUI OP MIK.

10. JOAN : [BOKANT SELFOON SE GELUI] Dis ’n nommer wat ek nie ken nie.
11. DION : Gee dat ek antwoord. [ANTWOORD SELFOON] Hallo? Ja, dis haar man, Dion Brink ... ja ... [KORT POUSE. GESKOK] Wat? Blou hare sê jy? Is jy seker? [KORT POUSE. ONTSTELD] Sy is ... was … my ma ...ja ...ek ... [BREEK AF]

BYK : MOTORDEUR WORD OOP GERUK. HAASTIGE VOETSTAPPE OP GRUIS BEWEEG WEG

12. JOAN : Dion? Waarheen gaan jy nou? Dion! Dion! [VIR HAARSELF] Wat’s dit nou met hom?

BYK : HAASTIGE VOETSTAPPE OP GRUIS BEWEEG TERUG.

MOTORDEUR SLAAN WEER TOE

1. DION : [TERUG IN MOTOR. UITASEM] Sy's weg!
2. JOAN : Wat?
3. DION : Ek het oral gekyk en geroep. Sy's nie daar nie.
4. JOAN : Maar dis ... [BREEK AF] Wat gaan aan? Wie't gebel?
5. DION : Dit was die hospitaal gewees ... [DROOG OP]
6. JOAN : Bedoel jy ... [HANG]
7. DION : Ja.
8. JOAN : [HISTERIES] Maar dis onmoontlik! Dit moet 'n fout wees! Dion, dit kan nie wees nie! Jy sê altyd daar's 'n logiese verklaring vir alles!
9. DION : Nie hierdie keer nie.
10. JOAN : Ek gaan kyk!
11. DION : Ek het klaar gekyk.
12. JOAN : Jy't nie mooi gekyk nie.
13. DION : Joan! Sy's weg!
14. JOAN : Sy kan nie net weg wees nie, dis onmoontlik!
15. DION : Hulle het gesukkel om iemand in die hande te kry, want sy't net 'n pap selfoon by haar gehad.
16. JOAN : Dit kan nie wees nie ... [DROOG OP]
17. DION : Die paramedics het jou nommer vir hulle gegee. Hulle moes 'n noodoperasie gedoen. Die dokter het alles probeer wat hy kon, maar dit was te laat ... [DROOG OP]

1. JOAN : Maar hier's die prent wat sy geteken het dan, Dion. Hier in my hand! En die boks is hier op die agterste sitplek.

2. DION : Ek weet ... [DROOG OP]

3. JOAN : So by wie het ons dan nou vir ure lank gekuier?

BYK : MUSIEK DOOF IN

4. DION : 'n Wonderwerk, Joan. Dit moes 'n wonderwerk gewees het.